NUUSBRIEF 04 MAART 2019.

Kosbare broer en suster in Christus.

Hiermee ons nuusbrief vir 4 Maart 2019, dankie dat jy bly saambid vir ons “Tipping point” gebed punte.

Onderwerpe vir daaglikse en weeklikse gebed:
Ons bly bid vir die verkiesing op 8 Mei. Soos die tyd nader kom is ons van plan om ons gebed te vermeerder – in tyd spandeer, maar ook in terme van intensiteit van gebed.
Ons bly ook daagliks bid vir die droogte geteisterde dele van ons land, daarmee saam dank ons God vir wonderlike reën wat oor die laaste maand of 2 geval het.
Ons voel ook dat ons daagliks moet begin bid teen die gees van korrupsie en staat kaping in ons land. Ons beleef reeds hoe die Here ons gebede begin verhoor, deur die verstommende onthullings oor korrupsie die laaste tyd. Ons vra vir die Here om korrupsie totaal en al oop te vlek en vernietig. Ons vra ook dat die Here ons genadig sal wees, om dit vir ons land terug te gee wat die kaal vreter van korrupsie vernietig het (Joel 2:25)

Nuwe afdeling onder lering afdeling in Tipping point website.
Ons trek nou by les 4 oor gebed vir omgee groepe. Ons nooi elke omgee of gebed groep om hierdie lesse te bestudeer, en indien die Here so lei, te benut in hulle klein groepies.

God is nie klaar met Suid Afrika nie! Hy beplan iets groot vir ons en ons land – wat 'n vreugde om deel daarvan te mag wees, bly bid asb. moenie moedeloos word nie!

Seën,

MPG Gebed span.